

SARS sal R15 miljoen in skuld verhaal vir niebetaling van LBS, BTW

20 Augustus 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n burgerlike bevel en eksekusie om beslaglegging op bates van die geregistreerde perseel van 'n geregistreerde steenkoolmaatskappy, Shefa Group, in 'n poging om skuld van R15 miljoen in belastingskuld te verhaal.

Die belastingskuld is afkomstig uit opgawes vir LBS, BTW, WVF en SDL wat deur die belastingpligtige ingedien is sonder om die vereiste betalings te maak. Dit is 'n kriminele oortreding.

Kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "SARS neem sterk stelling in teen maatskappye wat belasting by werknemers aftrek, maar dit dan nie, soos wetlik vereis, aan SARS oorbetaal nie."

Die kommissaris het bygevoeg dat hierdie belastings aan die fiskus verskuldig is en nie daar is vir die maatskappy of die se direkteure om enige persoonlike of sakevoordeel uit te trek nie.

Hy het verder gesê: "In hierdie tye van ekonomiese herstel, wat vererger word deur die ernstigheid van die Covid-19-pandemie, het die regering alle moontlike hulpbronne nodig om die armes en kwesbares by te staan en belastingverligting te verskaf aan nakomende maatskappye. Ons strategiese oogmerke is duidelik. SARS sal dit maklik maak vir nakomende belastingpligtiges, maar dit ook moeilik en duur maak vir nienakomende belastingpligtiges wat versuim om hul verpligtinge na te kom. Vandag se optrede, en ons voortgesette pogings, spreek tot ons vasberadenheid om sodanige nienakomende maatskappy uit te roei."